Uitgawe 8 / 2011

22 SEPT 2011

Die Leeubrul

LAERSKOOL GENL DE LA REY

UIT DIE KANTOOR

BEGROTINGSVERGADERING

Alle ouers met leerders in die skool word kennis gegee van die begrotingsvergadering wat gehou sal word op Donderdag 29 Sept 2011 om 18:30 in die skoolsaal.

Dit is baie belangrik dat alle ouers dit bywoon, want tydens die vergadering word die skoolgelde vir 2012 goedgekeur.

Ouers wat nie die vergadering kan bywoon nie, móét skriftelik verskoning maak.

DISSIPLINE

Die Beheerliggaam en personeel doen weereens 'n beroep op ouers om met hul kinders te praat oor hul algemene gedrag. Daar is ongelukkig sommige leerders wie nie respek het vir hulle maats en personeel nie. Die Beheerliggaam is bewus van hierdie leerders en sal nie huiwer om op te tree nie. Indien u weet van leerders wat ander leerders boelie, moet asseblief nie huiwer om die saak aan te meld nie.

PERSONEEL

Ons is dankbaar dat juf Magda Rossouw weer terug is by die skool na haar ongeluk.

Mev Elmarie vd Merwe—LSOB Seniorfase het 'n nuwe betrekking aanvaar vanaf 1 Oktober 2011. Ons dank die Hemelse Vader vir die pragtige manier waarop sy met ons leerders gewerk het.

Mev Dollie du Toit sal vanaf 1 Oktober 2011 die pos oorneem.

STUDENTE

Dankie aan al die onderwysstudente wat Dellies gekies het om hul prakties te kom doen. Ons hoop en vertrou dat julle almal 'n aangename tyd saam met ons hier by Dellies sal hê.

KASKARDAG VRYDAG 23 SEPTEMBER 2011

Ja almal, Vrydag 23 September is dié groot dag!! Alle leerders moet deelneem. Ons begin reeds om 09:00 en sal ongeveer 11:00 klaar wees. Leerders trek GEWONE KLERE aan en GEEN TASSE. Onthou asseblief 'n sonhoed en sonbrandroom.

Die skool sluit 11:00. Leerders wie klaar gery het mag saam met hul ouers huistoe gaan. Kom geniet die dag saam met ons.

Klasse wie kwalifiseer vir 'n afdag op Donderdag 29 September, sal 'n briefie ontvang.

Die skool se beloning soos ooreengekom, sal op Vrydag 21 Oktober 2011 wees. Hierdie beloning is omdat ons, ons mikpunt van R57 000 bereik het.

Reëlings sal aan u deurgegee word nader aan die datum.

Alle uitstaande kaskarlyste moet ingehandig wees op Donderdag 29 September 2011.



FINANSIES

Eerstens baie dankie aan al ons ouers wat gedurende die jaar hulle skoolfonds so gereeld en op datum betaal. Dit word opreg waardeer. Ouers moes nou alreeds skoolfonds tot en met begin September 2011 betaal het. U word ook daarop gewys dat die skool reeds die 30ste September sluit en eers weer open op die 10de Oktober, u Oktober paaiement moet dus betyds betaal word.

Ouers wat skoolfonds deur middel van die internet oorbetaal word weer eens daarop gewys dat as verwysing net u rekeningnommer 720/… gebruik moet word.

Moet asseblief nie daarvan vergeet nie want anders weet ons nie watter leerling se betaling dit is nie, en kan ons dit dus nie op die rekening aandui nie.

NASKOOL- EN DELLIELANDGELDE

Die naskool asook die Graad R-fooie, moet ook nou al opbetaal wees tot en met die einde van September.

Daar is nog uitstaande gelde by ouers wat geen reëlings getref het nie.

Ouers die naskoolsentrum en die Kleuterskool word privaat bedryf en daarom moet alle gelde op datum betaal wees.

Alle ouers word ook weer herinner dat die skool alreeds op die 30ste September sluit en dat die Oktoberfooie betyds betaal moet wees.

Baie dankie byvoorbaat vir u vriendelike samewerking in die verband, dit word opreg waardeer!!

KUNSWEDSTRYD

Baie geluk aan Elsjevon en Ariadne Briel wie aangewys is as trofeewenners. Ariadne het 97% vir haar modelleer ontvang en Elsjevon 97% vir teken. 'n Pragtige prestasie.

OUD DELLIES PRESTEER

Baie geluk aan Denique Botha, sy is verkies as VRL-lid by Hoërskool Roodepoort en is ook deel van hulle 1ste span hokkie wat hierdie jaar ligawenners is.

Geluk ook aan Shaun Schussler, Migael vd Westhuizen, Mariette Viljoen en Gavin Burgess wat op die VRL 2012 van Hoërskool Florida dien volgende jaar.

Baie geluk aan David v Coller wat gedurende die afgelope SA Karate Kampioenskappe as Nasionale Kampioen aangewys is.

Ons is so bly julle almal hou Dellies se naam so hoog!

SPORT ... ... SPORT

HOKKIE

Baie geluk aan ons o/10 en 0/11 hokkie-dogters, hulle is ligawenners. Dis puik! Hulle gaan nou uitspeel teen Laerskool Roodekrans en Florida. Sterkte meisies, ons weet dit sal goed gaan.

Alle ander dogters wat hierdie jaar hokkie gespeel het en klere ontvang het vir die wedstryde word versoek om dit skoon en netjies in te handig by die skool nie later as Vrydag 23 September 2011 nie.

KRIEKET

Baie geluk aan Josh Pelser en Stephane Coetzee wat gekies is tot die 0/10 en 0/13 Sentraal-Wes Krieketspanne.

Dankie aan al die seuns wat krieket gespeel het hierdie seisoen. Die eerstespan speel vanaf 19 September 2011 in die Sentraal-Wes Aandreeks. Sterkte manne, doen julle bes.

LANDLOOP

Geluk aan Sonique Basson, Geraldene O'Connell en Nicolize Pretorius wie opgeneem is in die Roodepoort span.

ONS JAARLIKSE GHOLFDAG—CMR Gholfbaan

Ons jaarlikse Gholfdag vind weer by CMR Gholfbaan plaas op Vrydag 21 Oktober 2011.

Baie dankie aan diegene wat alreeds bygedra het tot die suksesvolle fondsinsamelingsprojek.

Ons benodig egter nog pryse of donasies. Indien u 'n vierbal wil inskryf beloop die koste R1 600, besprekings kan in die skool se kantoor gedoen word.

Kom ouers help ons om hierdie finale projek vir die jaar ook suksesvol af te handel.

LAERSKOOL GENL DE LA REY

H/v Mollieweg en 12de Straat
DELAREY

TEL NR 011 673 1259 / 5019
FAKS NR 011 673 1766

Rekenaaradres :
dellies1@adsamail.co.za

Ondersteun asseblief ons HOOFBORG!!

Hou die spasie dop, ons webblad is in wording!!

NUWE GRAAD R- & 1-LEERDERS

Ons het alreeds baie inskrywings ontvang vir volgende jaar se nuwe leerders.

Baie dankie dat u so vroegtydig alreeds u kind se plek by ons bespreek het.

Nuwe registrasies vir 2012 kan nog ontvang word tot 30 September 2011. So, indien u, u kind wil inskryf, bring asseblief kopieë van die volgende saam en ons skryf hom in, geboortesertifikaat, ouers se identiteitsdokumente, bewys van woon– en werksadres, kliniekkaart.